2021

LAAT JOU INENT
KOM ONS DOEN DIT

Swanger, beplan jy ’n swangerskap of borsvoed jy?

KRY DIE INENTING TEEN COVID-19

- COVID-19 is baie gevaarliker in swanger vroue, veral na die einde van die swangerskap toe.
- Swanger vroue wat ouer is of hoë bloeddruk, diabetes, vetsug, TB of onbehandelde MIV het, is veral in gevaar.

Wat weet ons van die COVID-19-entstowwe?

- COVID-19-entstowwe is baie doeltreffend. DIt verminder jou kanse om ernstige COVID-19 te kry of aan COVID-19 te sterf.
- Die entstof kan jou en moontlik jou baba teen selfs ligte COVID-19-infeksie beskerm.
- Nie een van die COVID-19-entstowwe bevat die lewendige virus nie. Jy en jou baba kan dus nie COVID-19 kry van die entstowwe nie.
- COVID-19-entstowwe is veilig. Dit veroorsaak dieselfde newe-effekte, of jy swanger is of nie. Dis gewoonlik lig. Jy kan parasetamol gebruik as jy koors of hoofpyn het na inenting.
- Jy het ’n groter kans om baie siek te word van COVID-19 as om ’n ernstige newe-effek van die entstof te kry.
- Daar is geen bekende risiko’s vir jou baba wanneer jy borsvoed nie. Daar kan voordele vir jou baba wees as jy ingeënt is.
- Daar is geen bewyse dat COVID-19-entstowwe probleme veroorsaak met vrugbaarheid of om in die toekoms swanger te raak nie.

COVID-19-entstofstudies in swanger vroue het nie enige skadelike uitwerkings op die ontwikkelende baba of swangerskap getoon nie. Meer as 148 000 swanger vroue in Amerika is ingeënt sonder enige veiligheidskwessies.

Wat moet jy nou doen?

1. Praat met ’n gesondheidsorgverskaffer as jy meer inligting nodig het of as jy enige vrese het.
2. Woon steeds jou gewone voorgeboortesorg- en babakliniekbesoeke by.
3. Gaan voort met maatreëls om te verhoed dat jy COVID-19 opdoen.
   - Dra jou masker
   - Was jou hande
   - Behou ’n veilige fisieke afstand tussen jou en ander mense
   - Vermy groot groepe mense en beknopte areas
4. **Registreer om ingeënt te word: https://vaccine.enroll.health.gov.za**

Wes-Kaapse Regering

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Wes-Kaapse inbelsentrum:
0860 142 142
www.westerncape.gov.za